AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 9 AUGUSTUS 2026

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Bid vir reën in die gebied

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Sleutelteks: Matteus 15:(10-20), 21-28
Ander tekste: Genesis 45:1-15; Psalm 133; Romeine 11:1-2a, 29-32

SONDAG, 9 AUGUSTUS

ELFDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD
NASIONALE VROUEDAG

09:00 Oggenddiens
Deuroffer ten bate van: MES Kaapstad
Erediensspan 4 – Robert Rootman

GEEN

- Kleuter- en Kinderkerk
- Gemeentetee
- Senior Kategese

MAANDAG, 10 AUGUSTUS

OPENBARE VAKANSIEDAG

DINSDAG, 11 AUGUSTUS

09:30 Senior Burger Bybelstudie
19:00 Fondse kommissie vergadering

WOENSDAG, 12 AUGUSTUS

09:30 Vroue Bybelstudie
09:30 Othello Bybelstudie
19:00 Jeug kommissie vergadering

DONDERDAG, 13 AUGUSTUS

19:00 Gemeentebediening en Blokleiers vergadering

Sopkombuis
Sopkokers: Jorina Botha, Riana Fick, Corra Kitshoff, Ina Van Niekerk, Ronel Williams, Linda Du Plooy

Sop warm maak beurt: Mari Crafford

SATERDAG, 15 AUGUSTUS

10:00 Dames oggend

SONDAG, 16 AUGUSTUS

TWAALFDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD
VROUESONDAG

09:00 Oggenddiens
Kleuter- en Kinderkerk
Deuroffer ten bate van: Vrouebegeleiding
Vrouedankofferinsameling
Erediensspan 1 – Lorraine Louw

Na afloop van die erediens

- Gemeentetee
- Senior Kategese

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

MES Kaapstad

Mould Empower Serve (MES) Kaapstad is 'n Christelike sosiale ontwikkelings-organisasie wat professionele dienste bied vir straatmense, werkloses en behoeftige families. MES volg 'n holistiese diensmodel wat hulpbehoewendes rehabiliteer en bemagtig sodat hulle op 'n volhoubare basis onafhanklike lewens kan lei. Die holistiese diensmodel bestaan uit drie dienseenhede: "*prevention and intake*" (uitreike, basiese behoeftes, voedingskemas); "*intervention*" (ontwikkeling van vaardighede, akademiese onderrig) en "*sustainable exit*" (werksgeleenthede, behuising, opvolg). MES glo dat elke persoon uniek is en daarom ontwikkel ons individuele bevorderingsplanne vir elke persoon wat ons help. Lees gerus meer van ons projekte op ons webblad.

Daar is ook 'n kort oorsig video van MES nasionaal op
https://www.youtube.com/watch?v=FQnXWArj6uU&feature=youtu.be.

021 949 8736 | prcapetown@mes.org.za
Webwerf: http://www.mes.org.za

GEMEENTENUUS

1. Hannahlize Neethling is gekies vir die WP Laerskool Boogskiet Span.
2. Leonore Everts se pa is oorlede. Ons bid saam vir sy familie en hartsmense.
3. Johan Kotzé is oorlede. Ons dra Amanda en familie op in gebed.
4. Ons bid vir voorspoed en seën vir die Vroueoggend op 15 Augustus.
5. Monica Moore het die afgelope week 'n operasie ondergaan en is tans in die hospitaal.

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Kerkraadsvergadering van 26 Augustus 2026 verskuif na Donderdag 17 September 2026.
2. Ds Johan is die naweek af.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

09/08 Elsa Lombard, Frantz du Raan, Petrus Theron, Gerida Grobler
10/08 Louis Cloete(88), Milana Myburgh
11/08 Tinus Ferreira, Katja Rossouw, Trudie de Wit, Nandi Swanepoel, Cobus Burger, Margie Burger
12/08 Johan Joubert(88), Ben Swart, Cassie Greeff, Janneke Osborn
13/08 Hanlie Ochse, Cor Viljoen, Ansie van Niekerk, Sonelle Roux, Petro Rossouw
14/08 Ena Knoetze(97), Ria Traut(80), Ciska Myburgh, Wouter Kleinhans, Christie Matthee, Sean Houghton-Hawksley, Christiaan Engelbrecht
15/08 Emily Pottage

JEUG

Kleuterkerk:

- Indien daar speelgoed, leesboeke of legkaarte by die huis rondlê wat jul kinders ontgroei het, oorweeg asseblief om dit vir die Jeugbediening te skenk sodat dit in die Kleuterkerk en/of Moederskamer aangewend kan word. Dit kan deur die week by die kerkkantoor gegee word of Sondae by die Kleuterkerk. Kontak asb vir Joline (Kleuterkerk Koördineerder) 073 137 8995

- Ons nooi graag enige 2-6 jariges (insluitende Gr R leerders) uit om aan te sluit by die Kleuterkerk wat tydens die eredienste aangebied word in die klaskamer op die verhoog. Vir enige navrae, kontak gerus Joline @ 073 137 8995

Gryp elke grasHolm

Gryp elke grasHolm!

Gryp elke grasHolm gaan oor die silwer randjie van elke donker wolk. Elke stukkie sleg het ’n stukkie snaaks. Marion Holm wil vir die gehoor gee wat almal nodig het: *hoop, humor en harmonie*. Die wêreld is tans deurmekaar; ons moet maar self die komedie maak en die lag skep. *Gryp elke grasHolm* kan jou dalk net help in hierdie soektog na snaaks, sagtheid en sin. In dié nuwe eenvrouvertoning, doen Marion Holm wat sy altyd doen: komedie met ’n groot hart.

Datum:	29 Aug 2026
Tyd:	18:00
Plek:	NG Gemeente Kuilsrivier (Van Riebeeckweg 51)
Koste:	vanaf R160pp

Kaartjies is beskikbaar by die kantoor en na die erediens,
asook by *Quicket.*
https://www.quicket.co.za/events/377189-gryp-elke-grasholm/#/

VROUESONDAG

Augustus is Vrouemaand en ons vier Vrouesondag op 16 Augustus 2026.

Die Vrouedankoffer koevert is by die kerkkantoor beskikbaar.

Bydraes kan ook per EFT gedoen word na die kerk se bankrekening:
ABSA, Takkode: 632005, rek no: 3010 59 0069
Verwysing: VROUEDANKOFFER

DAMES OGGEND

SANGFEES

SOP EN SOETES 2026

Gemeentekuier – Sop en Soetes 2026

Kom kuier saam vir 'n gesellige aand van lekker kos, goeie geselskap en rugby! Nooi jou familie, vriende en bure en geniet 'n heerlike warm sop met vars brood, 'n glasie soetwyn, koffie, tee en 'n smaaklike nagereg.

Terwyl die rugby uitgesaai word, is daar genoeg tyd om saam te kuier en mekaar beter te leer ken. Bring gerus jou eie drinkgoed vir die rugby en kom geniet 'n aand van ware gemeente-gemeenskap.

Datum: 22 Augustus 2026
Tyd: Vanaf 17:00
Plek: NG Kerk Kuilsrivier-De Eike – Kerksaal
Koste: R50 per persoon

Kaartjies is elke Sondag ná die erediens in die kerksaal, of gedurende die week by die Kerkkantoor beskikbaar.

Ons sien daarna uit om saam met jou en jou gesin te kuier. Moenie uitmis nie – koop gerus jou kaartjie vroeg!

BYBELS TE KOOP

Die Bybelgenootskap het vir Augustus – VROUEMAAND – ‘n spesiale aanbieding op die volgende Bybels.

- 2020 vertaling – wit leeromslag met duimdrukke
  normale prys R520, beskikbaar teen R301

- 2020 vertaling – bruin leeromslag met duimdrukke
  normale prys R630, beskikbaar teen R220

Ander Bybels, insluitende grootdruk uitgawes is ook beskikbaar teen 30% afslag. Die onderskeie pryse is by die kerkkantoor beskikbaar.

Kontak of besoek Mariana om ‘n bestelling te plaas teen 20 Augustus 2026.

Betaling vind eers plaas by ontvang.

Ideale Kersgeskenke – bestel vroegtydig.

KOSMANDJIE

DIE KOSMANDJIE

Hartlike dank aan elkeen vir bydraes tot hierdie projek. Die lewe raak regtig duur en daar is gesinne in ons gemeente wat nou kan doen met ‘n hupstoot. Ons bedien tans vier punte. Elke bydrae, hoe klein ook al, word baie waardeer. Finansiële bydraes is ook welkom.

Ons kort tans die volgende produkte :

- langlewemelk
- kondensmelk
- koffie
- suiker
- koekies
- soppoeier
- spaghetti
- kitspoeding
- ekstrak blokkies
- speserye / kruie
- blikkies gemengde groente
- sardyne / tuna
- broodsmere
- asyn
- mayonnaise / mosterd

- tandepasta
- tissues
- lyfroom

- opwasmiddel
- waspoeier / sunlightseep

- melkpoeier
- vla
- koeldrank
- ontbytgrane
- droë sopmengsels
- *mince mate*
- soya
- sout / peper
- tamatiepasta
- blikkies ertjies / mielies / groenbone
- *bully beef* / vleis
- blikkies vrugte
- kookolie (750ml)
- tamatiesous / blatjang

- toiletpapier
- sjampoe
- aanrol deodorant

- sponsies

Nogmaals baie dankie vir elke bydrae.

Mandjie groete

WINTERSPROKIE ETE

Dit was heerlik om saam te kon kuier by die Wintersprokie ete.

Dankie vir almal se deelname en ondersteuning.

Die netto opbrengs van die aand is R26 227.

PREEKSKETS - SONDAG

Tema: Nie eens ’n wonderwerk is genoeg nie

Prediker: Ds Adriaan Vogel

Skriflesing: 1 Konings 19:9-18 (2020-vertaling)

Dit is iets onbeskryflik om ’n wonderwerk te ervaar. Dit kan ’n persoon se hele uitkyk op die lewe verander as die onmoontlike moontlik word. Kan ’n mens dan anders as om ’n nuwe uitkyk op die lewe te hê wanneer jy ervaar het dat die Here ingegryp het?

Hierdie is nie ’n retoriese vraag nie. Kan ’n mens net met jou gewone lewe aangaan nadat jy die handewerk van God eerstehands beleef het? Dit is die vraag wat Elia moet antwoord ná die oorwinning oor die profete van Baäl op die berg Karmel.

“Vorming” of vermomming: Wanneer ons God naby wil voel, laat ons Hom toe om ons te vorm, of vermom ons net onsself in wie ons glo ons moet wees?

Van feesviering na vlugteling: Elia het die harte van die mense weer laat draai na hulle God. Maar die oorwinning was van korte duur. Sy vervolging het weer begin en hy moes vlug.

Lees die teks van 1 Konings 19:9-18.

Wat maak jy hier?: Elia se pad saam met God het gelei na wonders. Nou het dit egter weggelei na vêr van die oorwinning. Hier konfronteer God hom met ’n belangrike vraag: “Wat maak jy hier, Elia?”

Een van die belangrikste vermoëns: Deur hierdie verhaal sien ons hoe Elia leer om na God te luister. Om raak te sien waar God is, moes Elia leer om te …

Hoekom is die “groot” so spesiaal?: Die groot oomblikke kon maklik vir Elia van die spoor afgelei het. Hy het egter die vermoë gehad om te onderskei waarvan God deel is. Maar hoekom is die groot oomblikke in die geloof en lewe so spesiaal?

’n Tweede kans: Ná die wonders vra God ’n tweede keer vir Elia dieselfde vraag: “Wat maak jy hier, Elia?” Het hy God nou nader gevoel? Het dit ’n nuwe insig gebring?

Wat gaan dit vir ons neem?: Soms is selfs ’n wonderwerk nie eens genoeg om mense te oortuig dat God in beheer is nie. Hulle sien hulle eie pyn en ongemak en gee eerder op. Waar stap jou pad saam met God?